10



AMI/IO/311/1/11

GESPREK HDIO EN MNR ROUSSIN OP 24 JULIE 1987

1. Die doel van die gesprek was om aan mnr Roussin die boodskap oor te dra dat daar na die mening van HSAW en HDIO volle steun van die RSA Regering verwag kan word ten opsigte van die vrylating van Albertini indien die vrylating van Wynand du Toit deur die Franse Eerste Minister se kantoor bewerkstellig kan word.

2. Mnr Roussin meld toe dat daar volgens inligting wat hulle bekom het, 'n skema bestaan waarvolgens Mirage vliegtuie via Peru en Argentinië aan die RSA verskaf sou word. Volgens hulle inligting wil Peru die twaalf enkelsitplek en vier dubbelstuur Mirage vliegtuie wat hulle bestel het en wat hulle nie kan betaal nie, aan Argentinië verskaf, wat bereid sou wees om dit dan aan die RSA te verkoop. Mnr Roussin vra of daar enige waarheid in hierdie berig steek, want Argentinië het blykbaar gevra of Frankryk beswaar sal hê indien hulle daarmee gemoeid raak. Mnr Roussin self en die adviseurs van Chirac sal hulle bes doen om so 'n skema, indien die RSA daarin belang sou stel, met sukses te kan deurvoer.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2014-01-28
J.A.L. STEINMANN
72563596PE WO1